Die Majestic 214
7140 STRAND
17 06 1992

Liewe Willie,

Baie dankie vir jou brief van toegeneëntheid en waardering. Die mooi en vleiende onderhoud in Die Kerkbode het 'n keer my egïsme gestreel ... ten spyte van my aversie vir publisiteit. Die simpatieke attensie het ek op prys gestel. Dit het ook meegebring dat my verjaarsdag meer aandag geniet het as andersins, en daardeur is die vreugde van die dag en die ootmoedige dankbaarheid teenoor die Hemelse Vader verhoog. Ja, die Here was vir my goed, baie goed, my hele lewe lank ... bo bidde of denke!

Gister is ek weer oorstelp daarvan. Deur die pos kry ek 'n bundel briewe in een koevert, afkomstig van 8 uit die 12 (twee is al oorlede) 1950-proponente. Vroeër in die jaar het hulle by Nylstroom 'n re-unie gehou en besluit om elk aan my te skryf, dus nog voor die Kerkbode-artikel. Uit die 12 het 9 gedoktoreer, en die 10de doen dit DV nog vanjaar. Die 8 wat geskryf het, is: Dirk Viljoen, Jannie Malan, Gert Swart, TJ Jordaan, James Kemp, AJ Smuts, A Scheurkogel, JAB Grobbelaar. Van die klasgroep is C Fensham reeds oorlede. Hierdie handvol briewe met hulle waarderende inhoud het my diep in die hart gegryp. En vandag kom joune daarby.

Dit dwing my op my knieë om die Here te dank vir die wonderlike weg met 'n eenvoudige boereseun, maar 'n seun gedra deur die gebede van ouers , grootouers en dierbare vriende, en aan wie 'n heerlike diensgeleentheid beskore is. Alles tot eer van die Here!

Nogmaals, baie dankie vir jou skrywe. Die Here seën jou met vreugde in vrugbare arbeid.
Hartlike groete, ook aan jou lewensmaat tuis.

EP Groenewald